Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

OMSENDBRIEF 6/2018 **21 Februarie 2018**

Geagte Ouers

6 Maart 2018 moet u asseblief oophou vir ons baie belangrike Beheerliggaam-verkiesing. Die Beheerliggaam word elke 3 jaar verkies en speel 'n baie belangrike rol by die skool.

Die Beheerliggaam van Laerskool Dagbreek word saamgestel in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996. Behoudens die bepalings van die Wet verrig die beheerliggaam die werksaamhede **wat binne sy bevoegdheid val** en wat nodig is vir die **welsyn** van die skool.

Die beheerliggaam se verantwoordelikheid onder die SA-Skolewet is die beheer oor die skool se **finansies, terrein en bates**.

Die beheerliggaam moet:

- 'n **Grondwet** aanvaar;
- die **missiestelling** van die skool **ontwikkel** en **onderhou**;
- 'n **gedragskode vir leerders** by die skool aanvaar;
- die hoof, opvoeders en ander personeel van die skool in die verrigting van hul professionele werksaamhede **ondersteun**;
- die **tye van die skooldag bepaal** in ooreenstemming met enige toepaslike diensvoorwaardes van personeel by die skool;
- die skool se **eiendom**, asook die **geboue en terrein** deur die skool beset, administreer;
- die **aanstelling** van opvoeders en administratiewe personeel by die skool by die Departementshoof **aanbeveel**.

'n Lid van die beheerliggaam moet onder andere:

- **nie insolvent** verklaar wees nie
- moet kennis dra van alle wetlike aspekte rondom die Suid-Afrikaanse **skolewet**
- moet **finansiële bestuur** agtergrond hê – verkieslik 'n **kundige** met die nodige opleiding
- moet **kontraktuele aangeleenthede** kan bestuur en oor die kennis beskik rondom **Arbeidswette**
- moet bereid wees om **alle opleidings** en **vergaderings** by te woon

admin@dagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek se Beheerliggaam bestaan uit 6 verkose ouers, die hoof, 3 onderwysverteenwoordigers en 1 administratiewe verteenwoordiger. Die lede word verkies vir 'n dienstydperk van 3 jaar. Die Beheerliggaam vergader ten minste een maal per maand.

Laerskool Dagbreek se Beheerliggaam het die afgelope jare bewys dat hulle 'n dinamiese span is wat Laerskool Dagbreek jaar na jaar tot groot hoogtes lei.

Hoop om u almal die 6e Maart om 18:00 by die skool te sien.

Vriendelike groete

P.W. van Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

Skeurstrokie (Omsendbrief 6/2018)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser.

Hiermee erken ek _____ ouer/voog van _____ ontvangs van Omsendbrief 6/2018.

_____ _____

Handtekening van ouer / voog Datum